

KOMMUNIKAMMA



VANDAG VIER ONS NAGMAAL

TEKS vir die WEEK:

2 PETRUS 3:9.b. *“HY (God) is geduldig met julle omdat Hy nie wil hê dat iemand verlore moet gaan nie: Hy wil hê dat almal hulle moet bekeer.”*

SAKE vir GEBED:

- * Joan Crous wat moet gaan vir behandeling.
- * Johan Kritzinger se skoonseun is oorlede.
- * Leon Nel wat in Aurora is.
- * Ons innige simpatie aan Deon, kinders en familie van Irma Loots wat oorlede is. Ons vra vir vertroosting en dat hulle van Jesus se teenwoordigheid bewus sal wees.
- * Alida Strijdom wat in die hospitaal is.
- * Peet Viljoen wat tuis aansterk na baie diep waters waardeur hy is.
- * Gys en Yvette Geldenhuys se dogter wat ook nog onder behandeling is. Bid ook vir hulle as ouers.
- * Ons bid baie ernstig dat ons Almagtige Vader die sluise van die hemel oor ons land sal oopmaak en dat Hy vir ons milde reën sal stuur. Net God kan voorsien.
- * Ons bid vir al ons matrieks en leerders wat eksamen skryf. Ons glo dat hulle goed voorberei sal wees en met sekerheid sal kan weergee wat gevra word.
- * Dra almal aan die Here op wat tuis verpleeg word en dink aan ons lede wat vandag baie graag saam met ons Nagmaal in ons nuwe verbeterde gebou sou wou geniet, maar wat as gevolg van omstandighede dit nie kan bywoon nie.

******Bid vir Christenleiers in Kenia wat bewustelik 'n groot risiko loop om kerke te bedryf, of hul geloof te deel.***

TIENDEMAAND DANKOFFER

Die tiendemaand dankoffer is nog 'n geleentheid om uit dankbaarheid die Here te dien. Ons inkomste vir die Tiendemaand dankoffer is **R90 820-00**. Baie dankie vir elkeen se bydrae. Ons benodig nog heelwat om by ons begrote bedrag van **R260 000-00** uit te kom. Maak asseblief die saak biddend met die Here uit. Hoe dankbaar is jy?

SONDAG 3 NOVEMBER 2019

09:00 Gesamentlike nagmaal in kerkgebou
Deurdankoffer is vir Gospel for Asia

Geen teebeurt vandag as gevolg van Nagmaal

10 Nov teebeurt: Pronkertjie sel

17 Nov teebeurt: Voetspore en Tulpe sel

24 Nov teebeurt: Gesamentlike afsluiting

MAANDAG 4 NOVEMBER

09:30 Biduur KJU.

12:45 Gebedskild in die gebedskamer.

DINSDAG 5 NOVEMBER

11:00 Diens Stella Londt.

19:00 @Leefkerk.

VRYDAG 8 NOVEMBER

05:00 Mannebyeenkoms

KERSMARK

16:00 – 20:00 Kersmark in saal.

KERSMARK 8 NOVEMBER 16:00 – 20:00

Kom snuffel deur al die markstalletjies wat juwele, klere, geskenke en vele meer insluit. Kom neem jou foto saam met Kersvader en geniet 'n koppie tee saam met koek of pannekoek. Aandete sluit in spitkoeke, hamburgers, “cheesegriller” rolle en nog vele meer. Toegang is gratis, hoop ons sien jou daar. Ons soek asb gebak vir die teetuin, asook mense wat twee stalletjies kan beman. Indien jy kan help, kontak die kerkkantoor.

KWARTAALPROGRAM

Laaste kwartaal se belangrike datums:

Sondag 10 November: Hein Knoetze, wat skoolhoof was by die Driehoek skool toe die loopbrugramp plaasgevind het, kom lewer sy getuienis by altwee erediens.

Sondag 17 November om 09:00: Gesamentlike eietydse Kerssangdiens en Kategese afsluiting.

Sondag 24 November om 09:00: Gesamentlike klassieke Kerssangdiens.

SEYESI GEMEENTE HOU BASAAR

Seyesi gemeente se basaar is op Saterdag 23 November 2019. Hulle vra vriendelik of ons hulle kan help met tweedehandse klere om te verkoop. Indien jy wil help, bring asb die klere kerkkantoor toe.

KOM DIEN DIE HERE MET JOU GAWES

Ons het mense nodig as kerkraadslede en om te kom help by die diensterreine. Kontak enige dominee indien die Here jou lei om te kom dien met jou gawes.

DIENSTE GELEWER DEUR KERKLIKE MAATSKAPLIKE DIENSTE

Die NG kerk se gespesialiseerde barmhartigheidsdienste is vanjaar aan meer as 1,2 miljoen mense gelewer. In 107 tuistes vir bejaardes word 12 388 bejaardes versorg. 'n Verdere 191 765 persone word in tuisversorging en uitreikprogramme bereik.

Vanuit 58 Kinder- en Jeugsorgsentrusms word 8 777 kwesbare kinders versorg. 'n Bykomende 13 000 kinders in die gemeenskap word deur kinderbeskermingsorganisasies beskerm.

Jaarliks word aan meer as 822 818 individue binne en buite die familieverband, gesinsorgdienste gelewer. Die gesamentlike finansiële omset van al die kerklik maatskaplike dienste, beloop jaarliks meer as R1 161 963 000 (meer as R1,1 miljard).

Hierdie is 'n enorme diens met 'n geweldige impak en uitdagings. Bid hiervoor.

KONTAKKAART

'n Groen kontakkaart waarop jy jou besonderhede kan aandui as jy 'n nuwe intrekker is, iemand in die gemeente wat siek is kan aanmeld, 'n afspraak met 'n leraar kan maak, voorbidding versoek, 'n wenk aan die hand kan doen of by die gemeente se dienswerk kan betrokke raak, is in die voorportaal beskikbaar.

Vul asseblief jou besonderhede op die kaart in en gooi dit in die bussie wat ook in die voorportaal is.

Teken gerus in op ons e-nuusbrief by:

kuberkamma@ngkraggakamma.co.za

Kom kuier saam met ANDRIES VERMEULEN

Plek: Hoërskool Framesby

Datum: 30 November

Tyd: 18:30

Kaartjies is **R150** per persoon.

Die funksie word gereël deur Doxa Deo gemeente.

Bring jou eie piekniekmandjie en kom geniet die aand.

Kontakpersoon: Yolandé by 041-360 8941.

NG KERK PATMOS KERSFEESUITVOERING

6 DESEMBER

Kom deel in 'n aand met ***Kersfeesklanke en Koos***

Dup by Patmos gemeente.

Jannie du Toit (stem en kitaar) tree saam met **Susan Mouton** (tjello) en **Chanie Jonker** (klavier en akkordeon) op.

Datum: 6 Desember

Plek: Patmos, Kaapweg 79.

Koste: R100 per persoon.

Vrugtekoek en sjerrie ingesluit.

Kaartjies te koop by Elizna 083 258 9860, Leana 083 567 3133 of Kerkkantoor Kraggakamma.

OOS-KAAPLANDSE DROOGTERAMPFONDS

Die Sinodale Kommissie het vandeeweek 'n droogterampfonds gestig. Hulp sal verleen word aan dorpe en boerdery-gemeenskappe wat deur die voortslepende droogte geteister word.

Gemeentes en ander donateurs word versoek om bydrae in die volgende rekening in te betaal: NG Kerk Oos-Kaapland, ABSA, 290 581 192, tjekrekening. Merk alle bydraes met die verwysing: droogteramp – slegs donasies wat met hierdie verwysing gemerk word, kan erken word.

Donateurs wat hul bydraes vir spesifieke gemeenskappe wil oormerk kan, wanneer die inbetaling gemaak word, 'n e-pos rig aan me Chantall Vermaak by sinode@ngkok.co.za.

THERE4-MINISTRIES

Miljoene Christene word daagliks vir hulle geloof vervolg. In Hebreërs 13:3 lees ons dat dit ons plig is om vir hierdie mense te bid. Word deel van die gebedsaksie tydens die IDOP-Week (*Internasionale dae van gebed vir die Vervolgde Kerk*) vanaf 3 tot 11 November 2019.

There4-Bedieninge nooi jou uit om die volgende film te kom kyk:

- “Closure”, wat gebaseer is op die ware verhale van Christen- martelare in Iran.
- Sondag 10 November 2019
- There4 se kantoor te Kraggakammaweg 57, Framesby.
- Vertoning begin 17:00 tot 18:30.

Kom geniet 'n koppie tee en raak saam met ons opgewonde en geïnspireer om vir ons boeties en sussies wat daagliks vervolg word, te bid.

Bevestig jou bywoning by Nadia deur 'n epos te stuur na support@there4ministries.org of kontak haar op 082 336 0253.



Gebruik SnapScan en betaal jou:
Dankoffer
Maandelikse Bydrae
Donasie, ens..